

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c

Thursday 6 Desember 1973

WINDHOEK

Donderdag 6 Desember 1973

No. 3370

Government Notices

Goewermentskennisgewings

The following Government Notices are published for general information.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

DEPARTMENT OF COMMERCE

No. R. 2303

30 November 1973

NATIONAL SUPPLIES PROCUREMENT ACT, 1970

REGULATIONS RELATING TO THE DISPOSAL OR USE OF PETROL

I, Stefanus Louwrens Muller, Minister of Economic Affairs, hereby in terms of section 2 of the National Supplies Procurement Act, 1970 (Act 89 of 1970), amend Government Notice R. 2204 of 16 November 1973—

(a) by the insertion in regulation 1 before the definition of "bulk consumer" of the following definition:

" 'built-up area' means, in relation to—

(a) the Province of the Transvaal, an urban area as defined in section 1 of the Road Traffic Ordinance, 1966 (Ordinance 21 of 1966 of the Province of the Transvaal);

(b) the Province of the Orange Free State, an urban area as defined in section 1 of the Road Traffic Ordinance, 1966 (Ordinance 21 of 1966 of the Province of the Orange Free State);

(c) the Province of Natal, an urban area as defined in section 1 of the Road Traffic Ordinance, 1966 (Ordinance 21 of 1966 of the Province of Natal);

(d) the Province of the Cape of Good Hope, an urban area as defined in section 1 of the Road Traffic Ordinance, 1966 (Ordinance 21 of 1966 of the Province of the Cape of Good Hope); and

(e) the Territory of South-West Africa, an urban area as defined in section 1 of the Road Traffic Ordinance, 1967 (Ordinance 30 of 1967 of the Territory of South-West Africa);";

(b) by the insertion in regulation 1 after the definition of "bulk consumer" of the following definitions:

" 'diesel oil' includes any mixture of diesel oil with any other substance capable of being used as a fuel in the operation of compression ignition engines;

'gas' means liquid petroleum gas suitable for use as a fuel in the operation of spark ignition engines;";

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. S. P. W. VAN NIEUWENHUIZEN,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

DEPARTEMENT VAN HANDEL

No. R. 2303

30 November 1973

WET OP DIE VERKRYGING VAN LANDSVOORRADE, 1970

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE BESKIKKING OOR OF DIE GEBRUIK VAN PETROL

Ek, Stefanus Louwrens Muller, Minister van Ekonomiese Sake, wysig hierby kragtens artikel 2 van die Wet op die Verkryging van Landsvoorraad, 1970 (Wet 89 van 1970), Goewermentskennisgewing R. 2204 van 16 November 1973—

(a) deur in regulasie 1 voor die omskrywing van "groothandelverspreider" van die volgende omskrywings in te voeg:

" 'beboude gebied' met betrekking tot—

(a) die provinsie Transvaal, 'n stedelike gebied soos in artikel 1 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966 (Ordonnansie 21 van 1966 van die provinsie Transvaal), omskryf;

(b) die provinsie Oranje-Vrystaat, 'n stedelike gebied soos in artikel 1 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966 (Ordonnansie 21 van 1966 van die provinsie Oranje-Vrystaat), omskryf;

(c) die provinsie Natal, 'n stedelike gebied soos in artikel 1 van die Padverkeerordonnansie, 1966 (Ordonnansie 21 van 1966 van die provinsie Natal), omskryf;

(d) die provinsie Kaap die Goeie Hoop, 'n stedelike gebied soos in artikel 1 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966 (Ordonnansie 21 van 1966 van die provinsie Kaap die Goeie Hoop), omskryf; en

(e) die gebied Suidwes-Afrika, 'n stedelike gebied soos in artikel 1 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1967 (Ordonnansie 30 van 1967 van die gebied Suidwes-Afrika), omskryf;

'dieselolie' ook 'n mengsel van dieselolie met enige ander stof wat geskik is vir gebruik as 'n brandstof in die bediening van drukontstekingmasjiene;

'gas' vloeibare petroleumgas wat bruikbaar is as 'n brandstof in die bediening van vonkontstekingmasjiene;";

(c) by the substitution for the definition of "petrol" of the following definition:

"'petrol' includes any mixture of petrol with any other substance capable of being used as a fuel in the operation of spark ignition engines but does not include petrol for use in the operation of the engine of an aircraft or an aeroplane;"

(d) by the substitution in regulation 3 for paragraphs (a) and (b) of the following paragraphs:

"(a) No reseller of petrol shall supply and no person shall receive a quantity of petrol in excess of 10 litres other than direct into the tank of a motor vehicle or of a motor boat, which tank shall be the tank fitted to the said motor vehicle or motor boat at the time of the supply and be the original tank fitted by the manufacturer, unless such person has in his possession and presents to the reseller at the time of the receipt of the petrol a permit in respect of the quantity supplied.

(b) Except on authority of a permit no person shall, as from the 1st day of December 1973, have in his possession or under his control a quantity of petrol in excess of 10 litres in containers other than the tank of a motor vehicle or of a motor boat, which tank shall be the tank fitted to the said motor vehicle or motor boat and be the original tank fitted by the manufacturer: Provided that no permit shall be required in respect of any petrol in the possession or under the control of a refinery which produces petrol or of a wholesale distributor or of a reseller of petrol, or in respect of any quantity of petrol in the possession or under the control of a bulk consumer in any underground tank;"

(e) by the substitution for regulation 4 of the following regulation:

"4. (1) No person shall use petrol, diesel oil or gas in any motor vehicle for the purpose of propelling such vehicle—

(a) along any road, other than a freeway, in any built-up area at a speed in excess of 50 kilometres per hour; or

(b) along any road outside a built-up area, including a freeway within a built-up area, at a speed in excess of 80 kilometres per hour.

(2) The provisions of subregulation (1) shall apply in addition to and not in substitution of any law regulating the speed at which any mechanically propelled motor vehicle may be driven on a public road;" and

(f) by the withdrawal of regulation 6.

S. L. MULLER, Minister of Economic Affairs.

No. R. 2304

30 November 1973

NATIONAL SUPPLIES PROCUREMENT ACT, 1970

REGULATIONS RELATING TO THE DISPOSAL OR USE OF AVIATION FUEL

I, Stefanus Louwrens Muller, Minister of Economic Affairs, hereby, in terms of sections 2 and 6 of the National Supplies Procurement Act, 1970 (Act 89 of 1970), prescribe as follows:

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

(i) "aviation fuel" includes Avgas and Avtur;

(ii) "Avgas" means any fuel used in the operation of an aircraft reciprocating engine, irrespective of whether or not such fuel can also be used as a fuel in the operation of any other engine;

(b) deur in regulasie 1 die omskrywing van "petrol" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'petrol' ook 'n mengsel van petrol met enige ander stof wat geskik is vir gebruik as 'n brandstof in die bediening van vonkonthekingmasjiene, maar nie ook petrol vir gebruik in die bediening van die masjien van 'n lugvaartuig of 'n vliegtuig nie;"

(c) deur in regulasie 3, paragrawe (a) en (b) deur die volgende paragrawe te vervang:

"(a) Geen herverkoper van petrol mag petrol verskaf en niemand mag dit ontvang nie in 'n hoeveelheid van meer as 10 liter anders as regstreeks in die tenk van 'n motorvoertuig of 'n motorboot, watter tenk op die tydstip van die verskaffing aan die motorvoertuig of motorboot aangebring en die oorspronklike tenk moet wees wat die vervaardiger daaraan aangebring het, tensy sodanige persoon op die tydstip van die ontvangs van die petrol in besit is van 'n permit ten opsigte van die hoeveelheid petrol wat verskaf word en dit aan die herverkoper vertoon.

(b) Behalwe met magtiging van 'n permit, mag niemand vanaf die 1ste dag van Desember 1973, 'n hoeveelheid petrol van meer as 10 liter in ander houers as die tenk van 'n motorvoertuig of 'n motorboot, watter tenk aan die motorvoertuig of motorboot aangebring en die oorspronklike tenk moet wees wat die vervaardiger daaraan aangebring het, in sy besit of in sy beheer hê nie: Met dien verstande dat geen permit ten opsigte van enige petrol in die besit of in die beheer van 'n raffinadery wat petrol produseer of van 'n groothandelsverspreider of van 'n herverkoper van petrol, of ten opsigte van enige hoeveelheid petrol in die besit of in die beheer van 'n massaverbruiker in 'n ondergrondse tenk, vereis word nie;"

(d) deur regulasie 4 deur die volgende regulasie te vervang:

"4. (1) Niemand mag petrol, dieselolie of gas in 'n motorvoertuig gebruik nie vir die doel om sodanige voertuig aan te dryf—

(a) op 'n ander pad as 'n deurpad in 'n beboude gebied teen 'n spoed van meer as 50 kilometer per uur; of

(b) op enige pad buite 'n beboude gebied, met inbegrip van 'n deurpad binne 'n beboude gebied, teen 'n spoed van meer as 80 kilometer per uur.

(2) Die bepalinge van subregulasie (1) is van toepassing benewens en vervang nie enige wetsbepaling wat die spoed voorskryf waarteen 'n meganiese-aangedrewe motorvoertuig op 'n openbare pad bestuur mag word nie;" en

(e) deur regulasie 6 in te trek.

S. L. MULLER, Minister van Ekonomiese Sake.

No. R. 2304

30 November 1973

WET OP DIE VERKRYGING VAN LANDSVOORRADE, 1970

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE BESIKKING OOR OF DIE GEBRUIK VAN LUGVAARTBRANDSTOF

Ek, Stefanus Louwrens Muller, Minister van Ekonomiese Sake, bepaal hierby kragtens artikels 2 en 6 van die Wet op die Verkryging van Landsvoorraade, 1970 (Wet 89 van 1970), soos volg:

1. In hierdie regulasies, tensy die samehang anders aandui, beteken—

(i) "Avgas" enige brandstof wat vir die gebruik van 'n lugvaartuigsmotor aangewend word, ongeag of sodanige brandstof ook as brandstof vir die gebruik van enige ander motor aangewend kan word;

(iii) "Avtur" means any aviation turbine fuel or any other fuel other than Avgas used as a fuel in operation of an aircraft gas turbine engine, irrespective of whether or not such fuel can also be used for any other purpose;

(iv) "supplier of aviation fuel" means any person who in the course of or as part of his duty as an employee, or any person who in the course of any business carried on by him supplies any quantity of aviation fuel for use in the operation of an aircraft.

2. No supplier of aviation fuel shall supply or in any other way whatsoever dispose of Avgas from supplies in his possession or under his control other than between the hours of 0000 South African standard time on a Monday and 2400 South African standard time on a Friday: Provided that this prohibition shall not—

(i) in the absence of any condition of the contrary imposed by notice under section 2 (b) of the National Supplies Procurement Act, 1970, to a supplier of aviation fuel, apply to the supply of Avgas to an air carrier for the provision of a scheduled air transport service;

(ii) before the hour 2400 South African standard time on 6 January 1974 apply to a person having to fly an aircraft to tow a glider; or

(iii) apply to any person having to use an aircraft for the purpose of saving human life or preventing damage to property:

Provided further that a person having to use an aircraft for the purpose of saving human life or preventing damage to property shall himself record in a book which shall be provided and kept by the supplier of aviation fuel his full name and address, the nationality and registration marks of the aircraft, particulars in regard to the necessity for, the nature and the extent of the flight, and the date upon which the flight was undertaken.

3. (1) No supplier of aviation fuel shall supply and no person shall receive a quantity of aviation fuel in excess of 10 litres otherwise than direct into the tank of an aircraft: Provided that this prohibition shall not apply to the holder of an aerial work air service licence who requires such fuel for the purpose of undertaking aerial work for agricultural purposes.

(2) Except with the written permission of the Controller of Petroleum Products no person other than a supplier of aviation fuel or the holder of an aerial work air service licence engaged in aerial work for agricultural purposes, shall as from the date 14 days after the date of commencement of this regulation, have in his possession or under his control a quantity of aviation fuel in excess of 10 litres, in containers other than in the tank of an aircraft.

(3) A written permission granted by the Controller of Petroleum Products shall not absolve the person to whom it is issued from compliance with the requirements of any law relating to the handling and storage of aviation fuel on any premises.

4. No person shall use Avgas to fly any aircraft between the hours of 0000 South African standard time on a Saturday and 2400 South African standard time on a Sunday: Provided that this prohibition shall not apply—

(a) to an air carrier providing a scheduled air transport service in accordance with any condition imposed by notice under section 2 (b) of the National Supplies Procurement Act, 1970;

(ii) "Avtur" enige lugvaartturbinebrandstof of enige ander brandstof as Avgas wat as brandstof vir die gebruik van 'n lugvaartuiggasturbine-motor aangewend word, ongeag of sodanige brandstof ook vir enige ander doel aangewend kan word;

(iii) "lugvaartbrandstof" ook Avgas en Avtur;

(iv) "verskaffer van lugvaartbrandstof" enigiemand wat in die loop van of as deel van sy plig as 'n werknemer, of enige persoon wat in die loop van enige besigheid deur hom gedryf, enige hoeveelheid lugvaartbrandstof verskaf vir aanwending vir die gebruik van 'n lugvaartuig.

2. Geen verskaffer van lugvaartbrandstof mag Avgas uit voorrade in sy besit of onder sy beheer verskaf of op enige ander wyse hoegenaamd daarvoor beskik nie behalwe tussen die ure 0000 Suid-Afrikaanse standaardtyd op 'n Maandag en 2400 Suid-Afrikaanse standaardtyd op 'n Vrydag: Met dien verstande dat hierdie verbod nie—

(i) by ontstentenis van enige andersluidende voorwaarde opgelê by kennisgewing kragtens artikel 2 (b) van die Wet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1970, aan 'n verskaffer van lugvaartbrandstof, van toepassing is op die verskaffing van Avgas aan 'n lugvervoerder vir die verskaffing van 'n vasgestelde lugvervoerdienis nie;

(ii) voor die uur 2400 Suid-Afrikaanse standaardtyd op 6 Januarie 1974 van toepassing is op 'n persoon wat 'n lugvaartuig moet vlieg om 'n sweeftuig te sleep nie; of

(iii) van toepassing is op 'n persoon wat 'n lugvaartuig moet gebruik ten einde menselewe te red of skade aan eiendom te voorkom nie:

Voorts met dien verstande dat 'n persoon wat 'n lugvaartuig moet gebruik ten einde menselewe te red of skade aan eiendom te voorkom self sy volle naam en adres, die nasionaliteits- en registrasie-merke van die lugvaartuig, besonderhede oor die noodsaaklikheid van, die aard en die omvang van die vlug, en die datum waarop die vlug onderneem is, moet aanteken in 'n boek wat deur die verskaffer van lugvaartbrandstof verskaf en gehou moet word.

3. (1) Geen verskaffer van lugvaartbrandstof mag lugvaartbrandstof verskaf en niemand mag lugvaartbrandstof ontvang in 'n hoeveelheid van meer as 10 liter, anders as regstreeks in die tank van 'n lugvaartuig nie: Met dien verstande dat hierdie verbod nie van toepassing is nie op die houër van 'n handelslugdienslisensie wat sodanige brandstof nodig het met die doel om 'n handelslugdiens vir landbou-doeleindes te verskaf.

(2) Behalwe met die skriftelike toestemming van die Kontroleur van Petroleumprodukte mag niemand behalwe 'n verskaffer van lugvaartbrandstof of die houër van 'n handelslugdienslisensie wat 'n handelslugdiens vir landbou-doeleindes verskaf, vanaf die datum 14 dae na die datum van inwerking-treding van hierdie regulasie 'n hoeveelheid van meer as 10 liter lugvaartbrandstof in ander houers as die tank van 'n lugvaartuig in sy besit of onder sy beheer hê nie.

(3) 'n Skriftelike toestemming deur die Kontroleur van Petroleumprodukte verleen, onthef nie die persoon aan wie dit verleen is van die nakoming van die vereistes van enige wet met betrekking tot die hantering en opberging van lugvaartbrandstof op enige perseel nie.

4. Niemand mag Avgas gebruik om 'n lugvaartuig te vlieg tussen die ure 0000 Suid-Afrikaanse standaardtyd op 'n Saterdag en 2400 Suid-Afrikaanse standaardtyd op 'n Sondag nie: Met dien verstande dat hierdie verbod nie van toepassing is nie—

(a) op 'n lugvervoerder wat 'n vasgestelde lugvervoerdienis verskaf ooreenkomstig enige voorwaarde wat by kennisgewing kragtens artikel 2 (b) van die Wet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1970, opgelê is;

(b) to a person in respect of whom a training subsidy has been allocated by the Department of Transport while such person undertakes flying training to qualify for such subsidy;

(c) to a person flying an aircraft to carry a parachutist in order to do a parachute jump from the aircraft, during the second weekend period of every month between the hours of 0900 South African standard time on a Saturday and 2400 South African standard time on a Sunday;

(d) to a person using an aircraft for the purpose of saving human life or preventing damage to property;

(e) to a person flying an aircraft to tow a glider before the hour of 2400 South African standard time on 6 January 1974 and after that date and time to a person flying an aircraft to tow a glider during the third weekend period of every month between the hours of 0000 South African standard time on a Saturday and 2400 South African standard time on a Sunday;

Provided further that in each case the pilot in command of the aircraft shall record in his pilot's logbook within 24 hours of the termination of the flight, the nationality and registration marks of the aircraft, particulars of the nature, extent and duration of the flight and the date upon which the flight was undertaken.

5. No person shall use aviation fuel to fly an aircraft—

- (a) to advertise therewith;
- (b) for photographic purposes other than for aerial photographic surveying;
- (c) for taking part in an air rally, air race or any competition;
- (d) for the sole purpose of entertaining the passengers;
- (e) in excess of seven hours per month if he is the holder of a private pilot licence.

S. L. MULLER, Minister of Economic Affairs.

(b) op enigiemand ten opsigte van wie 'n opleiding-subsidie deur die Departement van Vervoer toegewys is terwyl sodanige persoon vliegopleiding ondergaan om vir sodanige subsidie te kwalifiseer;

(c) op enigiemand wat 'n lugvaartuig vlieg ten einde 'n valskermspringer te dra om 'n valskermsprong vanuit die lugvaartuig te doen, gedurende die tweede naweek-tydperk van elke maand tussen die ure 0000 Suid-Afrikaanse standaardtyd op 'n Saterdag en 2400 Suid-Afrikaanse standaardtyd op 'n Sondag;

(d) op enigiemand wat 'n lugvaartuig gebruik ten einde menselewe te red of skade aan eiendom te voorkom;

(e) op enigiemand wat 'n lugvaartuig vlieg om 'n sweeftuig te sleep voor die uur 2400 Suid-Afrikaanse standaardtyd op 6 Januarie 1974 en na daardie datum en tyd op enigiemand wat 'n lugvaartuig vlieg ten einde 'n sweeftuig te sleep gedurende die derde naweektydperk van elke maand tussen die ure 0000 Suid-Afrikaanse standaardtyd op 'n Saterdag en 2400 Suid-Afrikaanse standaardtyd op 'n Sondag;

Voorts met dien verstande dat in elke geval die gesagvoerder van die lugvaartuig binne 24 uur na die voltooiing van die vlug die nasionaliteits- en registrasiemerke van die lugvaartuig, besonderhede van die aard, omvang en duur van die vlug en die datum waarop die vlug onderneem is, in sy vlieënierslogboek moet aanteken.

5. Niemand mag lugvaartbrandstof gebruik om 'n lugvaartuig te vlieg nie—

- (a) ten einde daarmee te adverteer;
- (b) vir ander fotografiese doeleindes as vir fotografiese opnames;
- (c) om deel te neem aan 'n vliegbyeenkoms, lugresies of enige kompetisie;
- (d) enkel en alleen om die passasiers te vermaak;
- (e) vir meer as sewe uur per maand indien hy die houër van 'n privaatvlieënierslisensie is.

S. L. MULLER, Minister van Ekonomiese Sake.

CONTENTS		INHOUD	
No.	Page	No.	Bladsy
Commerce, Department of		Handel, Departement van	
Government Notices		Goewermentskennisgewings	
R.2303. National Supplies Procurement Act, 1970: Regulations relating to the disposal or use of petrol	1	R.2303. Wet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1970: Regulasies met betrekking tot die beskikking oor of die gebruik van petrol	1
R.2304. National Supplies Procurement Act, 1970: Regulations relating to the disposal or use of aviation fuel	2	R.2304. Wet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1970: Regulasies met betrekking tot die beskikking oor of die gebruik van lugvaartbrandstof	2

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek,
South West Africa

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Postbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika